HOOFSTUK 28: PAULUS EN ANDER APOSTELS; DIE KERK IN DIE WêRELD

1. Paulus

1.1 Paulus vervolg die gemeente in Damaskus

Paulus word Saulus genoem solank hy onder die Jode werk, maar in die Grieks-Romeinse wêreld word sy naam Paulus.

- "Saulus" is die Hebreeuse vorm van die naam, en
- "Paulus" die Latynse en Griekse vorm.

As gevolg van Paulus se vervolging van die gemeente van Jerusalem is die gemeente uitmekaar gejaag.

- Sommige lede van die gemeente het tot in Damaskus gevlug, en so het daar ook 'n gemeente in Damaskus ontstaan. Toe Paulus hoor dat daar in Damaskus ook 'n gemeente is, het hy dit sy plig geag om hulle ook daar te gaan vervolg. Hy het soos 'n besetene teen die gemeente te kere gegaan.
- Hoewel Damaskus buite Palestina geleë was, was daar 'n groot aantal Jode in Damaskus, en hulle het daar ook 'n sinagoge gehad. Die Sanhedrin in Jerusalem het onder al die Jode groot invloed gehad.
- Daarom het Paulus bekendstellingsbriewe van die hoëpriester in Jerusalem gevra aan die sinagoge in Damaskus sodat hy die dissipels van Jesus daar gevange kon neem en na Jerusalem bring.

1.2 Paulus se bekering

Die Here wou Paulus in diens van sy gemeente en van die uitbreiding van die Evangelie gebruik.

- Toe Paulus naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom geskyn. Dit was nog helder middag, maar die lig was so sterk dat hy op die grond neergeval het.
- Hy het 'n stem hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" (Hand. 9:4) Hy het gevra: "Wie is U, Here?" en die antwoord het gekom: "Ek is Jesus. Dit is vir My wat jy vervolg."
- Deur hierdie openbaring van Jesus aan hom was Paulus so aangegryp dat hy in een oomblik deur Jesus oorwin is. Hy het verslae gevra: "Wat moet ek doen, Here?" Die Here het hom beveel om na Damaskus te gaan, waar aan hom gesê sou word wat hy moes doen.

1.3 Paulus se roeping tot apostel

Hoewel Paulus nie een van die twaalf apostels was nie, is hy hier deur die Here self tot apostel geroep.

- Die roeping kom na vore in die feit dat die Here aan hom verskyn het en Hom aan Paulus geopenbaar het.

  "Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede – of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit – dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man – of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit – dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie" (2 Kor. 12:2-4, AFR1953).
- Dit kom ook na vore in wat die Here aan Ananias gesê het: "Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel" (Hand. 9:15).
- Paulus vertoon al die kenmerke van 'n apostel:
  - Hy het Jesus gesien,
  - is deur God self geroep, en
  - sy apostelskap is deur tekens en wonders beseël.
- Dit was sy besondere roeping om die werk van die apostels in die heidenwêreld voort te sit. Hy verdedig sy apostelskap besonderlik teenoor die Korintiërs in 1 Korintiërs 9.

1.4 Paulus verkondig die Evangelie

Nadat die Here aan hom verskyn het, kon Paulus nie sien nie. Hulle het hom na Damaskus gelei, en hy het drie dae lank ook niks geëet of gedrink nie. Ons kan aanvaar dat hy die drie dae biddend deurgebring het, en God om vergifnis gesmeek het oor sy sondes.

Intussen het die Here Ananias, een van sy dissipels in Damaskus, beveel om na Reguitstraat te gaan waar Paulus was.

- Ananias het eers bedenkinge gehad omdat hy al gehoor het hoe Paulus die gemeente vervolg, maar die Here het hom gerusgestel.
- Ananias het gegaan en Paulus die hande opgelê. Paulus kon onmiddellik weer sien. **Hy is gedoop**, en nadat hy geëet het, het hy sy kragte herwin.

Terwyl Paulus daar by die gelowiges gebly het, het hy na die Joodse sinagoge gegaan en verkondig dat Jesus die Christus, die Seun van God is.

- Die mense was verbaas toe hulle hom hoor preek. Dit het uiteindelik die vyandskap van die Jode opgewek, en hulle het saamgesweer om hom dood te maak.
- Paulus het van hulle plan gehoor, en sy medegelowiges het hom toe een nag in ’n mandjie deur ’n opening in die stadsmuur laat afsak. So het hy in Damaskus ontkom.
- Paulus is terug na Jerusalem waar hy probeer het om hom by die dissipels te voeg, maar almal was bang vir hom.
- Barnabas het hom na die apostels gebring en alles vertel wat met hom gebeur het. Paulus het saam met die dissipels in Jerusalem rondgegaan en die Evangelie verkondig.
- Hy het ook met die Griekssprekende Jode geredeneer, en hulle het probeer om hom te vermoor. Toe die dissipels agterkom dat dit nie vir Paulus veilig is in Jerusalem nie, het hulle hom weggestuur na Tarsus, sy geboortestad.

2. Petrus se optrede

2.1 Petrus genees Eneas

Na Paulus se bekering het daar weer rus in die gemeente gekom. In hierdie tyd het Petrus die verskillende gemeentes in die land besoek. Op hierdie reis het Petrus twee wonders gedoen.

- Die eerste wonder het plaasgevind in Lidda, ’n plek nie ver van die Middellandse See nie. Daar was ’n man met die naam Eneas, wat al agt jaar lank bedlêend en verlam was.
- Petrus het vir hom gesê: “Eneas, Jesus Christus maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op.” Eneas het dadelik opgestaan. Al die inwoners van Lidda en die Saronstreek het hom gesien, en hulle het hulle tot die Here bekeer.

2.2 Tabita word opgewek

Naby Lidda was die stad Joppe. Hier was ’n sekere vrou wat ook ’n dissipel was, met die naam Tabita, in Grieks “Dorkas”.

- Sy het baie goeie dinge gedoen. Sy het klere vir die arm mense gemaak en hulle gehelp. Sy het siek geword en gesterf.
- Hulle het haar liggaam gewas en in die bokamer neergelê. Toe stuur hulle twee mans na Petrus met die versoek dat hy dadelik na hulle toe moes kom. Petrus het gekom en na die bovertrek gegaan. Die weduwees het by hom kom staan en huil en vir hom die klere gewys wat Tabita gemaak het.
- Petrus het almal buitentoe gestuur, neergekniel en gebid. Toe sê hy vir haar: “Tabita, staan op!” Sy het haar oë oopgemaak en regop gaan sit. Hy het haar met die hand opgehelp en haar lewend voor die weduwees en die ander gelowiges gebring. Baie mense wat hiervan gehoor het, het in die Here geglo.
- Petrus het nog geruime tyd in Joppe gebly by ’n sekere Simon, ’n leerlooier.

2.3 Die gesig van onrein diere

Deur ’n gesig wat Petrus hier in Joppe gesien het, het die Here aan hom duidelik gemaak dat daar, wat die verkondiging van die Evangelie betref, geen onderskeid tussen Jood en heiden moet wees nie, en dat geen mens met die oog hierop as onrein beskou mag word nie.

- Petrus het gemeen dat die heidene eers besny moes word voordat hulle die Evangelie kon aanneem. ’n Heiden moes dus eers tot die Jodedom oorgaan voordat hy ’n Christen kon word.
- Die gesig wat Petrus gesien het, was bedoel om hom van hierdie vooroordeel te verlos.

Toe hy een middag teen ongeveer twaalfuur op die dak van die huis geklim het om te bid, het hy baie honger gekry.

- Toe raak hy in ’n geestesvervoering en hy sien die hemel oop voor hom. Iets soos ’n groot doek is voor hom neergelaat op die aarde, en daarin was van al die viervoetige en kruipende diere van die aarde, en van al die wilde voëls. Toe sê ’n stem: “Kom, Petrus, slag en eet.”
- Dit was in die wette van Moses bepaal dat slegs viervoetige diere wat gesplete kloue het en wat herkou, geëet mag word. Al die ander diere was onrein en kon nie geëet word nie (kyk Lev. 11:3). In gehoorsaamheid aan hierdie wette het Petrus geweier om van die onrein diere te eet.
- Die Here het hom geantwoord: “Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.” Dit het drie keer so gebeur, en toe is die doek weer in die hemel teruggetrek.

2.4 Petrus en Kornelius

Terwyl Petrus nog wonder oor die gesig, het daar drie manne, wat Kornelius na hom toe gestuur het, by sy huis aangekom.

- Hierdie Kornelius was ’n heiden, ’n kaptein van die Italiaanse leërafdeling, en hy het in Sesarea gewoon. Hy en sy hele huisgesin was godsdienstig, en hy het baie gedoen om die armes onder die Jode te help. Hy het gereeld tot God gebid.
- Kornelius het ’n gesig gesien van ’n engel van God wat na hom toe kom en sê: “Kornelius, God het gelet op jou gebede en op wat jy vir die armes doen, en Hy het aan jou gedink.”
- Die engel het hom toe aangesê om drie manne na Petrus in Joppe te stuur en hom te versoek om na Sesarea te kom. Dit was hierdie drie manne wat daar aangekom het terwyl Petrus nog op die dak van die huis was.

Die Heilige Gees het Petrus beveel om saam met die drie manne na Sesarea te gaan. **Toe het Petrus die bedoeling van die gesig wat hy gesien het, gesnap. Hy moes na die heidene gaan om aan hulle die boodskap van die Evangelie te verkondig, en hy mag hulle nie as onrein ag nie**.

Toe hulle ’n dag later in Sesarea aankom, het Kornelius hulle al verwag, en hy het intussen sy familie en vriende bymekaar geroep.

- Hier het Petrus die eerste keer vir die heidene gepreek. Hy het vertel hoe God aan hom getoon het dat hy geen mens onrein mag ag nie.
- Toe Kornelius ook vertel hoe die engel aan hom verskyn het, het Petrus gesê: “Ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is.”
- Petrus het hulle toe gewys op Jesus deur wie se Naam daar vergewing van sondes is vir dié wat in Hom glo. Terwyl hy so praat, het die Heilige Gees op hulle almal gekom.
- Petrus en die ander wat daar was, was baie verbaas dat die Heilige Gees ook uitgestort is op mense wat nie Jode was nie.
- Petrus het toe beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop word.

Die apostels in Judea het te hore gekom dat die nie-Jode ook die Woord van God aangeneem het, en toe Petrus in Jerusalem kom, het hulle met hom daaroor getwis. Toe Petrus alles vertel het wat daar gebeur het, was hulle tevrede en het hulle God geprys.

3. Die kerkvergadering in Jerusalem

3.1 Aanleiding tot die vergadering

Die Christene uit die Jode wou maar nie glo dat ook die heidene tot die geloof in Christus kon kom nie.

- Baie van hulle het gemeen dat die genade van Christus net tot die Jode beperk was. Daarom het hulle geleer dat die heidene eers besny moes word voordat hulle tot die Christendom kon oorkom.
- Paulus en Barnabas het hulle in Antiogië teen hierdie gedagterigting verset, en dit het aanleiding gegee tot heftige meningsverskille.
- Daarom het die gemeente van Antiogië besluit om Paulus en Barnabas en nog ’n paar ander na Jerusalem te stuur om te verneem wat die oordeel van die apostels en ouderlinge daar oor hierdie saak is.
- In Jerusalem het dieselfde gedagtes in verband met die besnydenis na vore gekom, en die apostels en ouderlinge het toe besluit om bymekaar te kom om die saak te ondersoek.

3.2 Die vergadering

Hoewel hierdie vergadering nie ’n sinode genoem kan word nie, omdat daar net verteenwoordigers van twee gemeentes teenwoordig was, naamlik van Antiogië en Jerusalem, was dit nietemin ’n baie belangrike vergadering.

- Dit was ’n vergadering wat al die elemente van ’n meerdere vergadering in hom gehad het.
- Daarmee is die beginsel van meerdere vergaderings vasgelê.
- Hier moes besluit word oor ’n saak van die grootste belang, wat verreikende gevolge sou hê.

Aanvanklik was daar verskil van mening oor die vraag in verband met die besnydenis.

- Petrus het daarop gewys dat God geen onderskeid maak tussen Jood en heiden nie, en dat die heidene op dieselfde manier salig word as die Jode. Die besnydenis is dus geen voorvereiste nie.
- Hierna het ook Barnabas en Paulus dieselfde standpunt uitgespreek en vertel van al die wonders en tekens wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.
- Die man wat die deurslag gegee het in die vergadering, was Jakobus.
    - Hy het gesag gedra in die gemeente van Jerusalem, en hulle het gemeen dat hy eerder aan die kant van die Joodse party sou staan.
    - Hy het daarop gewys dat alles wat Petrus meegedeel het, in ooreenstemming met die Skrif was. Daar moet nie vir die heidene wat hulle bekeer, ’n struikelblok in die weg gelê word nie.
    - Hy het voorgestel dat daar tog aan die gelowiges uit die heidene geskryf moet word dat hulle hulle moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is, van onsedelikheid, en van die eet van ’n dier wat verwurg is, en van bloed.
- Hierdie voorstel van Jakobus is deur die vergadering aanvaar.

3.3 Resultaat van die vergadering

Die vergadering het toe iets baie belangriks gedoen:

- Die vergadering het afgevaardigdes gekies om saam met Paulus en Barnabas na Antiogië te stuur, naamlik vir Judas, ook Barsabbas genoem, en vir Silas.
- Hulle het ’n brief saamgeneem wat die besluit van die vergadering bevat het.
- Die gemeente van Antiogië was baie bly oor die inhoud van die brief.
- Judas en Silas het die gemeente ook lank toegespreek en hulle bemoedig en versterk.

In hierdie hele saak is dit duidelik dat die beginsel wat geseëvier het, dié is dat die saligheid deur die geloof is, en nie deur die werke van die Wet nie.

Dit is later ook bevestig toe Paulus vir Petrus bestraf het.

- Petrus het na aanvanklike vertroulike omgang met die heidene begin om te eis dat die heidene die reinigingswette van Moses moes onderhou.
- Dit het Paulus teen die bors gestuit, en hy het Petrus hieroor bestraf.
- Gaandeweg het die beginsel so sterk na vore gekom dat daar later nie meer verskil van mening in die gemeentes hieroor was nie.

4. Slot: Die kerk in die wêreld

4.1 Die briewe van Paulus

Behalwe dat Paulus op sy verskillende reise gemeentes gestig het, het hy ook heelwat briewe geskryf.

- Dertien van sy briewe het vir ons bewaar gebly, en hy is die skrywer van wie daar die meeste boeke in die Bybel vervat is. Die meeste van die briewe bestaan in die vorm van advies en opvolgwerk aan die gemeentes wat hy gestig het, maar hy het ook aan gemeentes geskryf waar hy nooit eers besoek afgelê het nie.
- Paulus het hierdie briewe geskryf van die tweede helfte van die tweede sendingreis af tot met sy gevangenskap in Rome.
  - Die eerste hiervan is waarskynlik die twee briewe aan die Tessalonisense.
  - Die briewe aan die Romeine, die twee aan die Korintiërs en dié een aan die Galasiërs word as sy belangrikste briewe beskou.
  - Die "gevangenskapsbriewe" wat hy uit die gevangenis geskryf het, is dié aan die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense en aan Filemon.
  - Die twee briewe aan Timoteus en die een aan Titus word die "pastorale" of "herderlike" briewe genoem omdat hulle advies gee oor die herderlike versorging van die gemeentes.

4.2 Die optrede van die ander apostels

Van die optrede van die ander apostels weet ons baie min.

- Die gegewens van slegs drie van hulle is van so 'n aard dat ons dit min of meer kan aanvaar. Oor die ander bestaan daar wel allerlei oorlewerings, maar dit is so onbetroubaar dat 'n mens feitlik nie daarop kan staatmaak nie.
- Van die apostel Jakobus weet ons dat hy een van die leiers van die gemeente in Jerusalem was. Hy is deur Herodes Agrippa om die lewe gebring.
- Die apostel Johannes het ook in die gemeente van Jerusalem 'n sterk leidende rol gespeel, en hy het ook deelgeneem aan die verkondiging van die Evangelie aan die mense in Samaria. Ons weet verder dat hy na die eiland Patmos verban was, en dat hy uiteindelik op rype leeftyd in Klein-Asië oorlede is.
- Van die apostel Petrus lees ons nog heelwat ná die hemelvaart van Jesus, maar veral na die eerste sendingreis van Paulus hoor ons nie meer van hom nie. Volgens 'n betroubare oorlewering is hy in Rome ter wille van sy geloof doodgemaak.

4.3 Die algemene sendbriewe en Openbaring

Hoewel ons dus nie veel weet van die ander apostels nie, kry ons uit die aanmoedigings en vermanings van die apostels in die algemene sendbriewe tog 'n beeld van die kerk van daardie tyd.

- Hierdie "algemene sendbriewe" van Jakobus, Petrus en Johannes word so genoem omdat hulle nie aan een gemeente in die besonder gerig is nie, maar aan die kerke in die algemeen.

- Vir die gelowiges van daardie tyd moes hierdie briewe, saam met die brief aan die Hebreërs, ’n groot troos en ’n bron van inspirasie gewees het. Hulle het maar ’n klein klompie gelowiges gevorm in ’n groot see van heidendom.
- Die werking van geloof, hoop en liefde in so ’n wêreld moes hulle telkens in groot stryd en vertwyfeling gebring het sodat hulle die aanmoediging van hierdie briewe baie nodig gehad het. Hulle moes gewaarsku word teen insinking, teen wêreldgelykvormigheid en teen verflouing van die verwagting van die wederkoms van die Here.
- Hiermee saam vorm die boek Openbaring ’n mooi afsluiting, en dit alles behou ’n sterk boodskap van standvastigheid en ’n verwagting van die Wederkoms van die Here vir die vroeë kerk, maar ook vir die kerk van al die eeue, en daarom vir die kerk van vandag. God regeer! Sy Koninkryk is ’n ewige Koninkryk, en die magte van die satan sal dit nie oorweldig nie. Met die Wederkoms van die Here sal die satan finaal oorwin word.

Die vroeë kerk het hulle geloof saamgevat in die kort belydenis: “Maranata”, wat beteken “Die Here kom” en “Kom, Here!” (1 Kor. 16:22). Met hierdie belydenis sluit die boek Openbaring ook af.

Die kerk, ook die kerk van vandag, leef vanuit hierdie roep: “Ons Here kom.” Daarom moet almal wat smag na die ware lewe na Hom toe kom (Op. 22:17).

Hy antwoord hierop: “Ja, Ek kom gou!” (Op. 22:20).